# HOOFSTUK 5

# EMPIRIESE ONDERSOEK

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die empiriese ondersoek teoreties begrond. Die vraelysmetode word as die toepaslikste tegniek in die uitvoering van hierdie ondersoek gemotiveer. Die empiriese ondersoek en die samestelling, redaksie en struktuur van die vraelys word vervolgens bespreek. Ten slotte word die aandag gevestig op die administrasie van die vraelys, wat die versending en terugontvangste daarvan behels.

## 5.2 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van die ondersoek behels die volgende:

Om empiries:

* te bepaal wat tans in Transvaalse blanke sekondêre skole gedoen word met betrekking tot die opvoeding van die seksueel-gemolesteerde dogter.

* vas te stel of geslagsopvoeding die taak van die skool is en indien wel, of daar genoeg in die verband gedoen word.

## 5.3 ENKELE ONDERSOEKMETODES EN DIE KEUSE VAN 'N ONDERSOEKMIDDEL

Met die doel van die empiriese ondersoek in gedagte, moes die bruikbaarste ondersoekmetode gevind word. Die metode moes beantwoord aan die geldigheids- en betroubaarheidsvereistes waarmee die verlangde inligting bekom kon word. Twee navorsingsmetodes is oorweeg vir die ondersoek, naamlik die onderhoud- en vraelysmetode.

Die voor- en nadele van hierdie ondersoekmetodes sal kortliks toegelig word, waarna die gekose metode meer volledig beskryf sal word.

### 5.3.1 Die voor- en nadele van die persoonlike onderhoud as navorsingsmetode

Onderhoude is van die mees algemene metodes vir dataversameling en kan baie nuttig saam met goedbeplande vraelyste gebruik word (De Wet et al., 1981:162). In teenstelling met die toevallige gesprek word die onderhoud met 'n duidelik omlynde informatiewe doel gevoer (De Landsheere, 1973:71).

Daar kan verder onderskei word tussen gestruktureerde en ongestruktureerde onderhoude. Gestruktureerde onderhoude se vrae word vooraf beplan en die volgorde daarvan vasgestel. Min ruimte word gelaat vir herformulering. Ongestruktureerde onderhoude is meer buigsaam en informeel. Die inhoud word aangepas by die respondent, wat vry is om op vrae uit te brei en sy eie menings te lug. Hierdie onderhoude kan as 'n oop tegniek omskryf word, terwyl gestruktureerde onderhoude as 'n geslote tegniek omskryf kan word (De Landsheere, 1973:82).

Cohen en Manion (1980:241) definieer die navorsingsonderhoud as "a two-person conversation initiated by the interviewer for the spesific purpose of obtaining research-relevant information, and focused by him on content specified by research objectives of systematic description, prediction, or explanation".

#### 5.3.1.1 Voordele van die persoonlike onderhoud as navorsingsmetode

- Onderhoude is buigsaam en aanpasbaar by omstandighede.

- Die onderhoud is veral geskik vir kinders. Vrae wat nie verstaan word nie, kan verduidelik word (De Wet et al., 1981:162).

- Bepaalde response, wat moontlik verkeerd vertolk kon word, kan in die onderhoudsituasie bespreek en geverifieer word (Gay, 1976:134; Borg en Gall, 1979:310).

- Die onderhoud gee aan die navorser inligting in verband met die respondent se emosies met betrekking tot sekere items (Turney, 1971:135).

- 'n Atmosfeer van vertroue kan geskep word, sodat vertroulike inligting verkry kan word (De Wet et al., 1981:162; Mouly, 1978:202).

- Onderhoude is ideaal vir respondente wat verkies om inligting mondelings oor te dra.

- Indien die vraelys tydens die onderhoud voltooi word, is die ondersoeker verseker van honderd persent terugvoering en meer beduidende gevolgtrekkings kan oor die hele populasie gemaak word (Marais, 1982:181).

**5.3.1.2 Nadele van die persoonlike onderhoud as navorsingsmetode**

- Onderhoude kan tydrowend en onekonomies wees (De Wet et al., 1981:163). Om al die skole wat in die ondersoek betrek is persoonlik te besoek, sou prakties onuitvoerbaar wees.

- Onderhoudvoerders moet deeglik opgelei word. Volgens Mouly (1978:204) het die onderhoudvoerder 'n invloed op die data en die uiteindelike resultate.

- Respondente se anonimiteit word in die onderhoudsituasie geskaad. Sodoende bly waardevolle persoonlike menings oor bepaalde sake agterweë.

- Dit is moeilik om die betroubaarheid van onderhoude te bepaal (De Wet et al., 1981:163).

### 5.3.2 Die voor- en nadele van die vraelys as navorsingsmetode

Met 'n opvoedkundige vraelys word feite in verband met onderwysaangeleenthede, onderrigmedia, onderwyspraktyk, didaktiese tegnieke, ensovoorts ingewin (Wiersma, 1969:274).

#### 5.3.2.1 Die voordele van die vraelys as navorsingsmetode

- Die resultate is meer betroubaar as in die geval van 'n onderhoud, omdat die respondente die geleentheid het om objektiewe response aan te bied (Cohen, 1980:242).

- Respondente word die geleentheid gebied om anoniem en vrylik, sonder vooroordele te respondeer.

- Persoonlike beïnvloeding deur die onderhoudvoerder word uitgeskakel (Marais, 1982:183).

- 'n Groot aantal proefpersone kan by die ondersoek betrek word (Ary et al., 1985:345; Turney et al., 1971:130).

- Vraelyste is relatief ekonomies wat tyd en finansies betref (Ary et al., 1985:345; Gay, 1976:128).

- Tabulering van die response vergemaklik die analise daarvan. Informasie kan dus redelik maklik verwerk en geïnterpreteer word (Ary et al., 1985:345).

- Standaardvrae word aan alle respondente gestel (Lovell, 1970:86).

- Elke vraag word beantwoord. Die vraelys as navorsingsmetode bevorder eerlike beantwoording van vrae (Cohen, 1980:253).

**5.3.2.2 Die nadele van die vraelys as navorsingsmetode**

- Daar is dikwels 'n lae persentasie terugontvangste, vanweë die feit dat persone die vraelys kan ignoreer (Ary et al., 185:345; Turney et al., 1971:130).

- Respondente kan die vrae verkeerd of verskillend vertolk indien dit nie duidelik geformuleer is nie (De Wet et al., 1981:164).

- Dit is moeilik om die geldigheid van vraelyste te bepaal. Respondente mag die vrae oorhaastig beantwoord en sommige items onvolledig afhandel (De Wet et al., 1981:164).

- 'n Traak-my-nie-agtige houding aan die kant van die respondent, 'n swak geheue, foutiewe waarneming, 'n gebrek aan belangstelling en "luiheid", mag ook 'n negatiewe invloed op die kwaliteit van die response hê (Turney et al., 1971:130).

- Anonimiteit skep probleme met die identifisering van respondente met die oog op 'n opvolgbrief. Volgens Borg en Gall (1979:300) word statistiese berekeninge ook deur anonieme vraelyste bemoeilik.

- Die vraelys toon leemtes indien slegs gestruktureerde of net ongestruktureerde items ingesluit word (Marais, 1982:183).

- Respondente word verplig om 'n antwoord uit 'n aantal moontlikhede te kies. Volgens Ary et al. (1985:345) is die vraelys dus nie buigsaam nie en besit die informasie nie diepte nie.

Daar is na oorweging van al die moontlike navorsingsmetodes op die vraelys as metode besluit omdat:

* persoonlike besoeke aan skole weens ekonomiese redes (met betrekking tot tyd en geld) onprakties sou wees;

* 'n gedrukte, gestandaardiseerde vraelys meer doeltreffend en prakties as die onderhoudmetode is;

* 'n groot aantal persone by die ondersoek betrek word. Die verwerking en interpretering van die navorsingsresultate word vergemaklik deur die vraelysmetode.

## 5.4 DIE VRAELYS AS EMPIRIESE NAVORSINGSMETODE

### 5.4.1 Inleiding

'n Vraelys is, soos die naam aandui, 'n lys van vrae wat op versoek van die opsteller daarvan, deur ander persone beantwoord moet word. Die beantwoording van vrae kan op skriftelike of mondelingse wyse geskied (Taute en Jansen van Rensburg, 1942:8; Hopkins, 1976:130).
Gestandaardiseerde instruksies word gewoonlik gegee sodat die respondent presies weet wat daar van hom of haar verwag word (De Wet et al., 1981:163).

Die vraelys is 'n bruikbare metode om feitelike inligting rondom bepaalde houdings, menings en voorkeure te bekom. Response wat verkry word, kan direk in data omgesit word sodat tendense aangetoon kan word en afleidings gemaak kan word (Tuckman, 1972:196).

Volgens Mouly (1978:188) is geen ander navorsingsinstrument aan soveel kritiek onderworpe as die vraelys nie. Best (in De Landsheere, 1973:64) maak die volgende stelling betreffende die vraelysmetode: "de luie manier om gegevens te verzamelen". Kelley (in De Landsheere, 1973:63) noem die vraelys die "armzaligste instrument dat zich in het eerbiedigwaardig domein van de wetenschap heeft weten te vestigen".

Die vraelys toon sekere tekortkominge en is in baie opsigte onvolmaak as wetenskaplike meetinstrument. Nieteenstaande bestaande kritiek, bly dit steeds die mees praktiese ondersoekmetode in opvoedkundige navorsing (Mouly, 1978:188).

### 5.4.2 Die ontwerp van die vraelys as empiriese navorsingsmetode

#### 5.4.2.1 Konstruksie van die vraelys

Die sukses, geldigheid en betroubaarheid van 'n vraelysondersoek hang grootliks af van die doeltreffende konstruksie daarvan (Mouly, 1978:190). 'n Goeie vraelys verg ervaring, vaardigheid en tyd aan die kant van die opsteller daarvan (Gay, 1976:128). Die doel van die ondersoek moet duidelik wees. Indien die doel duidelik geformuleer is, kan vraelysitems maklik daarna herlei word. Volgens Mouly (1978:191) verhoog 'n doelgerigte ondersoek nie slegs die waarde van die items nie, maar dit moedig ook response aan, want respondente "will tend to shy from a questionnaire that is simply a fishing expedition aimed in the general direction of the target".
'n Swak vraelys wek negativisme en word dikwels geïgnoreer (Borg en Gall, 1979:295).

Net soos in die geval van die onderhoud kan daar tussen gestruktureerde en ongestruktureerde vraelyste onderskei word. Die <u>ongestruktureerde</u> vraelys bied 'n vrye keuse van antwoorde en geleenthede om menings te kry en houdings te openbaar. Dit is egter moeilik om sulke response te analiseer en te kwantifiseer (De Wet <u>et al</u>., 1981:163). By die <u>gestruktureerde</u> vraelys is die vrae direk en antwoorde/response kan maklik ontleed word. Respondente kan aantoon of hulle saamstem, verskil of neutraal staan (Tuckman, 1978:199). Die nadeel van hierdie vraelys is dat die respondent gedwing kan word om 'n antwoord te kies wat nie vir hom of haar bevredigend is nie.

Vir navorsingsdoeleindes word gestruktureerde vraelyste verkies, omdat response makliker geanaliseer kan word (De Wet <u>et al</u>., 1981:163).

Ter wille van meer duidelikheid word die twee tipes vraelyste deur middel van die volgende voorbeelde geïllustreer:

* **'n Gestruktureerde (geslote) item:**

Is dit, volgens u mening, wenslik om geslagsopvoeding op skool aan te bied?

| | |
|---|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 2 |
| Weet nie | 3 |

* **'n Ongestruktureerde (oop) item:**

Op watter wyse sal u as onderwyser die seksueel-gemolesteerde dogter in die normale klassituasie hanteer? (Geen moontlike antwoorde word gegee nie).

#### 5.4.2.2 Kriteria vir die ontwerp van items

Gibson en Mitchell (1981:210) verstrek die volgende kriteria vir die ontwerp van items:

- Items moet nie te gekompliseerd wees nie. Moeilike items benadeel die betroubaarheid van die vraelys.
- Elke item moet duidelik geformuleer wees en net een respons uitlok.
- Items moet só saamgestel word dat dit nie die respondent beïnvloed nie. Die beginsel van objektiwiteit moet dus gehandhaaf word.
- Hoogdrawende taal en tegniese terme moet vermy word. Die taalvlak van die vraelys moet aanpas by die beoogde respondente.
- Die inhoud van die items moet die inligting verkry wat verlang word.
- Sensitiewe items moet vermy word. Items wat aanstoot kan gee, moet vermy word.
- Uitlokvrae moet vermy word (Borg en Gall, 1979:297; Mouly, 1978: 193).
- Kwalitatiewe items soos: goed, sleg, selde, ensovoorts moet vermy word.
- Die vraelys moet nie te veel items bevat nie. Slegs genoeg items om die verlangde inligting te bekom, behoort ingesluit te word (Hopkins, 1976:146).
- Items moet in 'n logiese orde gerangskik word. Die sinsbou moet korrek en die taalgebruik foutloos wees (Youngman, 1978: 15).

- Items moet so ontwerp word dat die data getabuleer kan word en vir rekenaardoeleindes bruikbaar is (Marais, 1982:190).

- Die eerste items op die vraelys is veral belangrik. Indien dit die respondent se belangstelling prikkel, is die kanse goed dat hy die res van die vraelys sal voltooi.

- Youngman (1978:22) beweer dat 'n kombinasie van oop en geslote items ook terugsendings bevorder.

### 5.4.2.3 Tegniese versorging van die vraelys

Die tegniese versorging van die vraelys beïnvloed die respondent en daarom is dit van besondere belang. Die volgende riglyne is van belang:

- Die vraelys moet netjies en professioneel voorkom. 'n Vraelys wat met sorg en keur ontwerp is, verbeter die terugontvangste.

- Instruksies vir die voltooiing van die vraelys moet duidelik omskryf wees (Gibson en Mitchell, 1981:221).

- Die antwoordskaal moet so gedruk word dat die merkies sonder verwarring in die toepaslike ruimte gemaak kan word.

- Die konsekwente plasing van blokkies waarin die response aangedui word, vergemaklik en bespoedig die voltooiing van die vraelys. Die moontlikheid dat sommige vrae misgekyk word, kan ook op hierdie manier voorkom word.

- Vrae moet verkieslik in dubbelreëlafstand gedruk word; dit vergemaklik die lees van 'n vraag.

- Die tikwerk moet duidelik leesbaar wees. Die lettertipe wat gebruik word, is dus belangrik.

- Die respondent moet duidelik tussen die instruksies en items kan onderskei.

- Ruimte vir rekenaarkodering moet aan die regterkant van die bladsy gelaat word (ongeveer 30 mm).

- 'n Voorbeeld van hoe die vrae beantwoord moet word, moet gegee word om enige onduidelikheid te vermy.

- Belangrike vrae moet liefs nie aan die einde van die vraelys gestel word nie.

- Respondente behoort aan die einde van die vraelys vir hulle samewerking bedank word (Borg en Gall, 1979:298; Cohen en Manion, 1980:85; Youngman, 1978:20).

#### 5.4.2.4 Anonimiteit

'n Persoon het alle reg om te weier om aan navorsing mee te doen indien hy voel dat sy privaatheid bedreig word. Vrae moet dus so ontwerp word dat die respondent nie die gevoel kry dat sy privaatheid bedreig word nie (Tuckman, 1978:4).

Dit is die reg van alle deelnemers aan geesteswetenskaplike navorsing om anoniem te bly, aldus Tuckman (1978:16). Deelnemers moet die versekering kry dat hulle anonimiteit gewaarborg is en dat die data van indiwidue saamgevoeg word en as gemiddeldes hanteer sal word. Deelnemers moet ingelig word dat hulle slegs as 'n nommer en nie deur identifikasie nie hanteer en onderskei sal word.

Anonieme vraelyste het egter heelwat nadele. Opvolgondersoeke word bemoeilik deurdat proefpersone wat nie gereageer het op die vraelyste nie, moeilik geïdentifiseer sal word. Volgens Borg en Gall, (1979:301) moet die volgende faktore oorweeg word indien daar besluit moet word oor die anonimiteit van 'n vraelys of identifikasie van die respondent:

- die belangrikheid van identifikasie, met betrekking tot die analise van die data;

- die volwassenheid van die persone (volwassenes is meer geneig om vraelyste te voltooi, ongeag die anonimiteitsbeginsel);

- die mate waarin inligting van die proefpersoon gevra word wat hy liewer sou wou verswyg;

- die moontlike effek van anonieme vraelyste op die terugontvangste (ongeïdentifiseerde vraelyste bemoeilik die indeling daarvan volgens strata);

- die prosedure met betrekking tot die analise van die data.

#### 5.4.2.5 Samestelling van die voorlopige vraelys

Dit is wenslik om 'n deeglike loodsstudie op 'n klein aantal proefpersone te onderneem, alvorens die vraelys op die proefpersone toegepas word (Borg en Gall, 1979:39; Hopkins, 1976:145; Gay, 1976:135). Nadat 'n loodsstudie voltooi is (Gay, 1976:135), kan die vraelys geredigeer word deur onduidelike en dubbelsinnige items uit te skakel. Na die eerste redaksionele veranderinge kan die finale vraelys opgestel word (Tuckman, 1972:196).

#### 5.4.2.6 Inhoud

Die vraelys moet vergesel word van 'n begeleidende brief en gefrankeerde koevert (vir terugsending). Die ondersoeker moet seker maak dat die bladsye van die vraelys in die regte volgorde is en die vraelys volledig is (Marais, 1982:193).

#### 5.4.2.7 Verspreiding

Amptelike toestemming moet by die betrokke onderwysowerhede verkry word om vraelyste aan skole te stuur (Youngman, 1978:29). Toestemming is 'n vereiste sover dit Suid-Afrikaanse Onderwysdepartemente betref.

#### 5.4.2.8 Terugontvangste

Dit is wenslik dat die navorser die terugontvangste kontroleer ten opsigte van die aantal respondente en wie gereageer het indien van 'n kontrolenommer gebruik gemaak is. Volgens Hopkins (1976:145) is terugontvangste van 50% bevredigend, terwyl 60% as goed en 70% as baie goed beskou kan word.

#### 5.4.2.9 Opvolgbrief

Wanneer die persentasie terugontvangste nie na wense is nie, moet 'n opvolgbrief na ongeveer 2 tot 3 weke aan proefpersone gestuur word wat nie gereageer het nie. Telegramme of telefoonoproepe kan ook in die verband gebruik word (Gay, 1976:172).

## 5.5 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

### 5.5.1 Keuse van proefpersone

### 5.5.1.1 Die populasie

Alle blanke sekondêre Afrikaansmedium skole (uitsluitende seunskole) verbonde aan die Transvaalse Onderwysdepartement is by die navorsing betrek. 'n Amptelike adreslys van hierdie skole is verkry en die aantal skole het op n = 150 te staan gekom, dit wil sê 'n bereikbare populasie. Die gesinsvoorligtingsonderwysers van hierdie skole vorm die populasie wat in hierdie ondersoek gebruik is.

Daar is op sekondêre skole besluit, omdat geslagtelikheid 'n prominente rol speel tydens die adolessente jare. Adolessente het 'n behoefte aan kennis rondom geslagsaangeleenthede en normgerigte leiding ten opsigte van geslagsopvoeding. Seksuele molestering word ook dikwels eers tydens die adolessente fase onthul.

Slegs een vraelys per skool is uitgestuur. Die gesinsvoorligtingsonderwyser was verantwoordelik vir die voltooiing van die vraelys.

Daar is besluit om gesinsvoorligtingsonderwysers van die betrokke skole by die ondersoek te betrek omdat:

- geslagsopvoeding die terrein van die gesinsvoorligter is;
- geslagsopvoeding 'n komponent van gesinsvoorligting is;
- hierdie onderwysers oor die nodige ervaring en kennis beskik ten opsigte van geslagsaangeleenthede;
- die hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter op die terrein van die gesinsvoorligter lê.

**5.5.2 Samestelling van die vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik is.**

Na aanleiding van die bevindings met die literatuurstudie en met inagneming van die doelstellings van hierdie ondersoek is daar besluit om meer inligting oor sekere aspekte rondom geslagsopvoeding op skool en die opvoeding van die seksueel-gemolesteerde dogter in die besonder in te win.

Die vraelys is saamgestel uit agt afdelings (A - H) en sien soos volg daaruit:

**A. MODERNE SAMELEWINGSTENDENSE**

Uit die literatuur blyk dit dat die adolessente dogter in nood verkeer en haar midde-in 'n morele krisis bevind (sien 3.1 en 3.6). Die respondent se mening word hieroor gepeil (sien vraag 1).

Die moderne jeug is onderworpe aan hoë samelewingseise. Geweldige druk en versoekings van alle kante moet hanteer word. Daar heers 'n tendens van groter permissiwiteit en onsedelike gedrag raak al hoe meer aanvaarbaar. 'n Meningspeiling hieroor sal aan die hand van vraag 2 gedoen word.

Seksuele losbandigheid kan aan verskeie faktore toegeskryf word (sien 2.3.2.3). Dit sal deur een of meer items in die vraelys gekontroleer word (vraag 2a).

Tienerswangerskappe is 'n alledaagse, wêreldwye verskynsel wat groot kommer wek (sien 3.7.4). Of dit 'n toenemende tendens toon en waaraan dit hoofsaaklik toegeskryf kan word, word deur vrae 3 en 3a gekontroleer.

## B. GESLAGSOPVOEDING EN DIE OUERHUIS

Uit die literatuur blyk dit dat geslagsopvoeding 'n lewenslange proses is wat reeds van jongs af moet begin en wel die taak van die ouer is (sien 1.1). Baie ouers besef dit egter nie. Vrae 4 en 5 is in die vraelys ingesluit om vas te stel of die onderwyser van mening is dat geslagsopvoeding reeds van jongs af die plig van die ouer is.

Na aanleiding van die beredenering in verband met ouerlike plig en geslagsopvoeding, ontstaan die vraag of ouers nie dikwels hierdie plig versuim nie (sien 1.1). Die respondent se mening word getoets deur vraag 6.

Uit die literatuur blyk dit dat ouers hulle plig betreffende geslagsopvoeding verwaarloos. Hulle verkeer dikwels onder 'n wanindruk en besware word gerig op verkeerde veronderstellings aangaande geslagsopvoeding (sien 3.7.2.3, 3.7.4, 4.1, 4.4.4 en 4.4.5). Die respondent se mening word gekontroleer aan die hand van vraag 6a.

Die standpunt word dikwels gehuldig dat ouers wat self 'n grondige kennis rondom geslagsake het, vryeliker en openliker met hul kinders kan kommunikeer (sien 4.4.2). Die mening van die respondent word getoets aan die hand van vraag 7.

## C. GESLAGSOPVOEDING EN DIE SKOOL

Uit die literatuur blyk dit dat daar tans 'n groot behoefte aan geslagsopvoeding bestaan. Hierdie nood kan gesien word in die lig van moderne samelewingstendense. Groter verantwoordelikheid en toenemende eise word aan die skool gestel (sien 4.4.4 en 4.6.1).

Die onderwyser se standpunt in dié verband word bepaal deur vraag 8.

Daar word verskeie standpunte vir/teen geslagsopvoeding op skool gehuldig (sien 4.6.1). Die onderwyser se mening word aan die hand van vrae 8a en 8b gekontroleer.

## D. DIE AANBIEDING VAN GESLAGSOPVOEDING OP SKOOL

Dit wil voorkom of die problematiek van geslagsopvoeding 'n aanleidende faktor was tot die stigting van gesinsvoorligtingsprogramme (sien 4.6.2). Die respondent se mening hieroor word bepaal deur vraag 9.

Dit is algemene praktyk in Transvaalse skole dat geslagsopvoeding slegs deur die Adjunksuperintendente van Onderwys aangebied word en ook slegs met die toestemming van die ouer (sien 4.6.2 en 4.6.4).
Om vas te stel of hierdie beginsel in die praktyk so toegepas word, sal die respondent se mening deur vraag 10 getoets word.

Uit die literatuur blyk dit dat 'n deeglik opgeleide persoon onontbeerlik is vir die professionele hantering en aanbieding van geslagsopvoeding (sien 4.6.5). Die respondent se mening sal aan die hand van vraag 11 gekontroleer word.

Die ouerbegeleidingsprogram het dit ten doel om ouers te begelei en te ondersteun met betrekking tot hul geslagsopvoedingstaak (sien 4.6.4 en 4.8). Die vraag is egter of ouers werklik deur die skool ondersteun en met raad bedien word. Die onderwyser se mening word gepeil aan die hand van vraag 12.

Die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) tree slegs op uitnodiging op (sien 4.6.4).

Om vas te stel of sy alle skole in haar streek jaarliks besoek, sal daar van die respondent verwag word om op vrae 13 en 13a te reageer.

Uit die literatuur blyk dit dat samewerking tussen die ouer en onderwyser van die uiterste belang is (sien 4.7). Om vas te stel of die seksueel-gemolesteerde dogter se ouers oor die algemeen onbetrokke is betreffende opvoedende onderwysaangeleenthede, sal die respondent se mening aan die hand van vraag 14 gekontroleer word.

In aansluiting by die vorige paragraaf, moet daar na moontlikhede gesoek word om ouerbetrokkenheid te verseker. Geslagsopvoeding kan nie sonder wedersydse betrokkenheid geskied nie (sien 4.7). Die respondent se mening sal aan die hand van 'n aantal voorstelle in die verband getoets word (vraag 14a).

## E. OPLEIDING IN GESLAGSOPVOEDING

Dit blyk uit die literatuur en uit onderhoudvoering met die plaaslike Adjunksuperintendente van Onderwys, dat opleidingskursusse in geslagsopvoeding tans aan geselekteerde onderwysers aangebied word (sien 4.6.4). Daar wil deur vraag 15 vasgestel word of onderwysers bewus is van hierdie kursusse.

In aansluiting by vraag 15 wil daar vasgestel word of skole oor geselekteerde onderwysers beskik wat hierdie opleidingskursusse reeds bygewoon het en of hulle na voltooiing van so 'n kursus bekwaam genoeg is om geslagsopvoeding aan te bied (vrae 16 en 17).

## F. SEKSUELE MOLESTERING

Uit die literatuur blyk dit dat seksuele molestering 'n toenemende tendens vertoon (sien 1.1).

Die respondent se mening hieroor word aan die hand van vraag 18 getoets.

Gebrekkige kommunikasie tussen ouer en kind, asook gebrekkige geslagsopvoeding is nadelig en kan 'n bydraende faktor tot seksuele molestering wees (sien 4.8 en 2.3.2.3). Die respondent se mening word aan die hand van vraag 19 getoets.

Ten einde die seksueel-gemolesteerde dogter te kan identifiseer, moet die persoon oor die nodige kennis rakende die kenmerke van sodanige slagoffer beskik (sien 4). Vraag 20 wil bepaal of die onderwyser oor genoegsame kennis beskik om die slagoffer te identifiseer.

Uit die literatuur blyk dit dat seksuele molestering binne gesinsverband veral kommer wek en dat die oortreder dus nie noodwendig 'n vreemdeling is nie (sien 2.1).
Die respondent se mening word aan die hand van vraag 21 gekontroleer.

Uiteenlopende menings en spekulasie bestaan oor die geheimhoudingsaspek van seksuele molestering. Dit is 'n kommerwekkende probleem wat nie geïgnoreer kan word nie (sien 2.1) Die respondent se mening word gekontroleer aan die hand van vraag 22.

Ter aansluiting by die vorige paragraaf, wil daar vasgestel word wat die grootste rede hiervoor mag wees (sien 2.2.3). Die respondent se mening word deur vraag 22a bepaal.

## G. DIE HANTERING VAN DIE SEKSUEEL-GEMOLESTEERDE DOGTER

Professionele opleiding met betrekking tot die hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter is belangrik (sien 4.6.5).

Die vraag word gestel of alle onderwysers geskik is vir die hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter (sien vraag 23).

Geselekteerde onderwysers word opgelei in geslagsopvoeding (sien 4.6.4). Die vraag is egter of hulle bevoeg is om seksuele molestering alleen te hanteer, sonder die hulp van buite (sien vraag 24).

Uit die literatuur blyk dit dat onkundige hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter ernstige skade tot gevolg kan hê (sien 2.4.2 en 4.8). Die respondent se standpunt hieroor word deur vraag 25 bepaal.

Ter aansluiting by die vorige paragraaf blyk dit dat professionele hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter noodsaaklik is (sien 4.8.1.1). Die respondent se mening sal aan die hand van vrae 26 en 26a bepaal word.

Dit blyk dat 'n bekende persoon, soos byvoorbeeld die klasonderwyser wat 'n empatiese houding uitstraal, vertrou word deur die kind (sien 4.6.5). Die vraag is of die seksueel-gemolesteerde dogter meer vertroue sal hê in sodanige persoon as teenoor 'n vreemde persoon. Dit word deur vraag 27 getoets.

Benewens die feit dat 'n goed opgeleide persoon die seksueel-gemolesteerde dogter behoort te hanteer, is sekere persoonseienskappe ook belangrik (sien 4.6.5). Oor die wenslikheid van die geslag kan daar geredeneer word. Die onderwyser se mening word aan die hand van vraag 28 en 29 gekontroleer.

## H. DIE VOORKOMING VAN SEKSUELE MOLESTERING

In hoofstuk 4 is die doelstellings van gesinsvoorligting duidelik uiteengesit.

Daar kan gevra word of hierdie programme 'n suksesvolle bydrae lewer tot die oplossing van tienerprobleme (sien 4.6.3). Die mening van die respondent word deur vraag 30 getoets.

Die reg tot privaatheid is 'n belangrike voorkomingsaspek van seksuele molestering (sien 4.6.3). Daar wil vasgestel word of skooldogters hieroor voorgelig word (sien 31).

Selfbeveiligingsmaatreëls behoort deur ouers vasgelê te word en deur die skool versterk te word (sien 4.8). Die vraag ontstaan of dit aan die kind in die skool voorgehou word (sien vraag 32).

Apparatuur lewer 'n belangrike bydrae tot die voorkoming van kindermolestering (sien 4.8). Die vraag is of onderwysers bewus is van die apparatuur wat in skole beskikbaar is (sien vraag 33).

Uit die literatuur blyk dit dat geslagsopvoeding nie net voor die deur van die ouer lê nie, maar dat dit 'n multidissiplinêre taak geword het (sien 4.6.1 en 4.8.1.2). Die onderwyser se houding word gepeil deur vraag 34.

Voortvloeiend uit die vorige paragraaf wil daar vasgestel word of ander instansies as behulpsame opvoedingsvennote na die skool genooi word om te kom praat oor selfbeveiliging (sien vraag 35).

### 5.5.3 Redaksie van die vraelys

Na aanleiding van die riglyne en kriteria met betrekking tot die ontwerp van 'n vraelys (sien 5.4.2.2) is beluit op 'n eerste redaksie wat soos volg daar uitgesien het:

1. Is u van mening dat die Suid-Afrikaanse adolesente dogter haar midde-in 'n moraliteitskrisis bevind?

   a. JA ............................... 1
   b. NEE ............................... 2

2. Sou u sê dat die moderne jeug 'n tendens van seksuele losbandigheid toon?
   a. JA ............................... 1
   b. NEE ............................... 2

2a. Indien u JA op vraag 2 geantwoord het, wat sou die hoofoorsaak daarvan wees? (Slegs een antwoord.)
   a. Die invloed van die massamedia ..... 1
   b. Portuurgroepsdruk .................. 2
   c. Kerklosheid ....................... 3
   d. Gesinsverbrokkeling ................ 4
   e. Gebrek aan normatiewe etiese waardes 5

3. Is u van mening dat tienerswangerskappe toeneem in die R.S.A.?
   a. JA ............................... 1
   b. NEE ............................... 2

3a. Indien u JA op vraag 3 geantwoord het, waaraan sou u dit toeskryf? (Kies die <u>mees</u> toepaslike item.)
   a. Vroeë geslagsrypwording ........... 1
   b. Eise van die samelewing, veral die portuurgroepsdruk .................. 2
   c. Swak sosio-ekonomiese milieu ....... 3
   d. Swak selfbeeld .................... 4
   e. Ontoereikende geslagsopvoeding ..... 5

4. Is u van mening dat geslagsopvoeding reeds by geboorte begin en die plig en voorreg van die ouer is?

a. JA .............................. 1

b. NEE .............................. 2

5. Sou u saamstem dat sommige ouers hulle verantwoordelikheid ten opsigte van geslagsopvoeding versuim?

a. JA .............................. 1

b. NEE .............................. 2

5a. Indien u JA op vraag 5 geantwoord het, wat beskou u as die belangrikste rede hiervoor? (Gee slegs <u>een</u> rede.)

a. Ouers beskik nie oor die nodige kennis nie ........................ 1

b. Hulle voel skaam, weens die sensiwiteit van die onderwerp ................. 2

c. Ouers meen dat geslagsopvoeding die kind tot seksuele aktiwiteit sal aanmoedig 3

d. Sommige ouers is van mening dat die massamedia die nodige inligting verskaf 4

e. Ouers het goed klaargekom sonder geslagsopvoeding en dit is nie nodig dat kinders ingelig hoef te word nie 5

f. Kinders kan die kennis self bekom ... 6

6. Is u van mening dat 'n ouer wat self toereikende geslagsopvoeding ontvang het minder inhibisies toon en daarom aan sy/haar kind die nodige geslagsopvoeding sal bied?

a. JA .............................. 1

b. NEE .............................. 2

7. Is u van mening dat geslagsopvoeding op skool noodsaaklik geword het?
   a. JA ................................ 1
   b. NEE ............................... 2

7a. Indien u NEE op vraag 7 geantwoord het, verstrek asseblief u rede daarvoor (Kies <u>een</u> antwoord.)
   a. Geslagsopvoeding is uitsluitlik die taak van die ouer .................. 1
   b. Gebrek aan opgeleide onderwysers in die verband ............................ 2
   c. Gebrek aan tyd ..................... 3
   d. Geslagsopvoeding op skool bevorder sedelike losbandigheid ............. 4
   e. Kinders het nie 'n behoefte aan geslagsopvoeding nie ............... 5

7b. Indien u JA op vraag 7 geantwoord het, verstrek asseblief die <u>belangrikste</u> rede hiervoor.
   a. Gebrek aan kommunikasie tussen ouer en kind ........................... 1
   b. Ouerlike versuim om geslagsopvoeding aan die kind te verskaf ................ 2
   c. Kinders bespreek probleme rondom geslagtelikheid eerder met die onderwyser as met die ouer ......... 3
   d. Die onderwyser beskik oor meer kundigheid om geslagsopvoeding aan die kind oor te dra ........................... 4

8. Is u van mening dat die problematiek rondom geslagsopvoeding aanleiding gegee het tot die stigting van gesinsvoorligtingsprogramme?
   a. JA ............................... 1
   b. NEE .............................. 2

9. Word geslagsopvoeding op skool deur die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) slegs met die toestemming van die ouer aangebied?

   a. JA ................................ 1
   b. NEE ................................ 2

10. Is u van mening dat die ouerbegeleidingsprogram die ouer ondersteun en met raad bedien betreffende sy geslagsopvoedingstaak?

   a. JA ................................ 1
   b. NEE ................................ 2

11. Het die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) verbonde aan u streek 'n ouerbegeleidingsaand in die afgelope jaar by u skool aangebied?

   a. JA ................................ 1
   b. NEE ................................ 2

11a. Indien u NEE op vraag 11 geantwoord het, wat was die rede hiervoor?

   a. Geen uitnodiging is deur die skool aan haar gerig nie ..................... 1
   b. Die skoolhoof is nie ten gunste van 'n ouerbegeleidingsaand nie ........... 2
   c. Die Adjunksuperintendente van Onderwys kan vanweë 'n druk program nie die skool besoek nie ........................ 3
   d. Gebrek aan ouerbelangstelling in die verband ........................... 4

12. Is dit u ervaring dat kinders met spesifieke probleme, waaronder die seksueel-gemolesteerde dogter, se ouer onbetrokke is by opvoedende onderwysaangeleenthede en die ouerbegeleidingsprogram in die besonder ignoreer?

a. JA ................................ 1

b. NEE ............................... 2

12a. Indien u JA op vraag 12 geantwoord het, wat sou na u mening die aangewese optrede wees om hierdie ouers meer betrokke te kry?

a. Om ouerbegeleidingsprogramme vir alle st. 6 - leerlinge se ouers verpligtend te maak 1

b. Om 'n ouerbegeleidingsprogram met 'n algemene oueraand te kombineer ..... 2

c. Om volledige opleidingskursusse deur die skool aan ouers te bied ........... 3

d. Meer gereelde aanbiedinge van ouerbegeleidingsprogramme, bv. twee keer per jaar, standerdsgewys .......... 4

e. Om handleidings oor geslagsopvoeding aan alle ouers van die skool uit te reik 5

13. Is u van mening dat gesinsvoorligtingsprogramme 'n suksesvolle bydrae lewer tot die voorkoming van eietydse tienerprobleme soos seksuele molestering en tienerswangerskappe?

a. JA ................................ 1

b. NEE ............................... 2

14. Word oriënteringskursusse tans aangebied deur die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) in elke streek ten einde aan geselekteerde onderwysers opleiding te bied in gesinsvoorligting en meer spesifiek die aanbieding van geslagsopvoeding?

a. JA ................................ 1

b. NEE ............................... 2

15. Beskik u skool oor onderwysers wat reeds so 'n opleidingskursus bygewoon het?
    a. JA .............................. 1
    b. NEE ............................. 2

16. Sou u meen dat 'n onderwyser wat hierdie kits-indiensopleidingskursus ontvang het, bekwaam is om geslagsopvoeding aan te bied?
    a. JA .............................. 1
    b. NEE ............................. 2

17. Is u van mening dat sodanige onderwyser bekwaam genoeg is om die kind met spesifieke geslagsprobleme, soos bv. seksuele molestering alleen te hanteer, sonder professionele hulp van buite?
    a. JA .............................. 1
    b. NEE ............................. 2

18. Wie is na u mening tans die mees aangewese persoon vir die aanbieding van geslagsopvoeding?
    a. Die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) ................ 1
    b. Onderwysers wat opgelei is in die aanbieding van geslagsopvoeding (sien vraag 14) ................... 2
    c. Die klasonderwyser ................. 3
    d. Slegs die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding ......................... 4

19. Is u van mening dat seksuele molestering 'n toenemende tendens vertoon?
    a. JA .............................. 1
    b. NEE ............................. 2

20. Sou u sê dat gebrekkige geslagsopvoeding 'n oorsaaklike faktor is ten opsigte van seksuele molestering?
    a. JA .................................... 1
    b. NEE .................................... 2

21. Beskik u oor genoegsame kennis om die seksueel-gemolesteerde kind te identifiseer?
    a. JA .................................... 1
    b. NEE .................................... 2

22. Word die slagoffer meestal deur vreemdelinge gemolesteer?
    a. JA .................................... 1
    b. NEE .................................... 2

23. Is u van mening dat seksuele molestering oor die algemeen moeilik deur die slagoffer onthul word, veral in die geval van bloedskande?
    a. JA .................................... 1
    b. NEE .................................... 2

23a. Indien u JA op vraag 23 geantwoord het, wat is na u mening die grootste rede hiervoor?
    a. Die kind probeer bloedverwante beskerm 1
    b. Gevoel van skaamte en skuld ........ 2
    c. Die kind is bang vir gesinsverbrokkeling 3
    d. Vrees vir die oortreder ............ 4
    e. Gebrek aan vrymoedigheid om met 'n vertroueling te praat .............. 5

24. Is u van mening dat alle onderwysers geskik is vir die hantering van die seksueel-gemolesteerde kind?
    a. JA .................................... 1
    b. NEE .................................... 2

25. Is u van mening dat indien die seksueel-gemolesteerde dogter op onkundige wyse hanteer word, dit ernstige emosionele trauma tot gevolg kan hê?
    a. JA ................................ 1
    b. NEE ................................ 2

26. Sou u sê dat professionele hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter noodsaaklik is?
    a. JA ................................ 1
    b. NEE ................................ 2

26a. Indien u JA op vraag 26 geantwoord het, wie is na u mening die mees aangewese persoon om die slagoffer te hanteer?
    a. Die Hoof van die Onderwyshulpsentrum 1
    b. Die betrokke gesinsvoorligtingsonderwyser 2
    c. Die klasonderwyser ................ 3
    d. Die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) ............... 4

27. Is u van mening dat die seksueel-gemolesteerde dogter meer vertroue sal openbaar teenoor 'n bekende persoon, soos bv. die klasonderwyser, as teenoor 'n vreemde persoon?
    a. JA ................................ 1
    b. NEE ................................ 2

28. Is u ten gunste daarvan dat 'n opgeleide <u>manlike</u> persoon die seksueel-gemolesteerde dogter hanteer?
    a. JA ................................ 1
    b. NEE ................................ 2

29. Sou u verkies dat 'n opgeleide <u>vroulike</u> persoon die seksueel-gemolesteerde dogter hanteer?
    a. JA ................................ 1
    b. NEE ................................ 2

30. Word dogters in u skool voorgelig met betrekking tot hul geslagtelikheid in die algemeen en die reg tot privaatheid?
 a. JA ............................... 1
 b. NEE ............................... 2

31. Beskik u skool oor genoegsame apparatuur betreffende die voorkoming van seksuele molestering en die identifisering en hantering van die seksueel-gemolesteerde kind?
 a. JA ............................... 1
 b. NEE ............................... 2

32. Is u van mening dat multidissiplinêre samewerking tussen professionele instansies noodsaaklik is om die probleem van seksuele molestering beter te bekamp?
 a. JA ............................... 1
 b. NEE ............................... 2

33. Word ander organisasies soos Noodlyn en die Suid-Afrikaanse Polisie se Kinderbeskermingseenheid soms na u skool uitgenooi om u kinders te kom toespreek oor selfbeveiliging?
 a. JA ............................... 1
 b. NEE ............................... 2

Die eerste redaksie van die vraelys is met die studieleier bespreek. Op sy aanbevelings is die vraelys in agt afdelings verdeel wat meer sinvol vir die respondente sou wees. Die vrae is herrangskik, en enkele vrae is herformuleer. 'n Tweede redaksie is hierna opgestel en vir 'n loodsondersoek aan 'n aantal gesinsvoorligtingsonderwysers van sekondêre skole in Potchefstroom ter insae gegee. Die doel was om verdere leemtes (dubbelsinnige vrae) te identifiseer. Hierna is die vraelys bestaande uit 35 items gefinalisseer.

'n Kopie van die vraelys (Bylaag A) is aan die Transvaalse Onderwysdepartement vir amptelike goedkeuring gestuur. Skriftelike toestemming is verkry om die vraelys aan gesinsvoorligtingsonderwysers van blanke sekondêre Afrikaansmedium skole in Transvaal vir invul te stuur (Bylaag B).

### 5.5.4 Aspekte van die finale vraelys

#### 5.5.4.1. Groepering van vrae

Die vraelys is in agt afdelings verdeel en die volgende aspekte is ondersoek :

* die invloed van moderne samelewingstendense op die Suid-Afrikaanse adolessente dogter (vrae 1 tot 3a);
* die ouer se taak met betrekking tot geslagsopvoeding (vrae 4 tot 7);
* die kwessie van geslagsopvoeding op skool (vrae 8 tot 8b);
* die wyse waarop geslagsopvoeding op skool aangebied word (vrae 9 tot 14a);
* die opleiding van geselekteerde onderwysers in geslagsopvoeding (vrae 15 tot 17);
* die probleem van seksuele molestering (vrae 18 tot 22a);
* die hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter (vrae 23 tot 29);
* die voorkoming van seksuele molestering (vrae 30 tot 35).

#### 5.5.4.2. Lengte van die vraelys

Daar is gepoog om die vraelys so kort moontlik saam te stel sonder om belangrike inligting verlore te laat gaan. Die vraelys bestaan uit 35 vrae wat 11 bladsye beslaan.

### 5.5.4.3. Anonimiteit van die vraelys

Vanweë die feit dat 'n anonieme vraelys 'n opvolgondersoek sou bemoeilik is besluit om 'n kodenommer op die vraelys te gebruik ten einde die terugontvangste te kontroleer. Respondente is daarvan verseker dat alle inligting met die grootste vertroulikheid behandel sou word en dat geen skool of persone geïdentifiseer sal word nie.

### 5.5.4.4. Voorkoms van die vraelys

Die volgende gegewens verskyn op die voorblad van die vraelys:

- aan wie die vraelys gerig word;
- die doel van die ondersoek;
- die vertroulikheid van die inligting;
- aanwysings met betrekking tot die voltooiing van die vraelys;
- 'n voorbeeld.

## 5.5.5 Administrasie van die vraelyste

### 5.5.5.1 Verspreiding

'n Vraelys is per pos aan elke skool uitgestuur. 'n Begeleidende brief aan hoofde van skole is ingesluit, asook die Departementele toestemmingsbrief wat die doel van die ondersoek duidelik omskryf. 'n Gefrankeerde, geadresseerde koevert is ook ingesluit om terugsending te vergemaklik.

Bogenoemde dokumente is op 25 Oktober versend en die terugsendingsdatum is op 16 November gestel.

### 5.5.5.2 Terugontvangste

Na verstryking van die terugsendingsdatum is 74% (111 uit 150) vraelyste terug ontvang. Een skoolhoof het laat weet dat 'n betrokke vraelys nie voltooi kon word nie as gevolg van die feit dat die gesinsvoorligtingsonderwyser met verlof was. 'n Verdere 9 vraelyste is ontvang, sodat die totale terugontvangste op 80% (120 uit 150) vraelyste te staan gekom het.

Gemeet aan die kriteria van Hopkins (1976:145) is die persentasie terugontvangste baie goed (sien 5.4.2.8). Daar is besluit om nie 'n opvolgondersoek te loods nie.

Die resultate van hierdie ondersoek is dus gebaseer op die data wat uit die 120 vraelyste bekom is.

## 5.6 SINTESE

In hierdie hoofstuk is die besonderhede van die empiriese ondersoek bespreek. Die doel van die ondersoek is aangetoon. Hierna is die keuse van enkele ondersoekmetodes bespreek, gevolg deur 'n bespreking van die vraelys as empiriese ondersoekmetode. Die keuse van die proefpersone en die samestelling van die vraelys is bespreek. Die redaksie, struktuur en administrasie van die vraelys is ook bespreek.

In hoofstuk 6 sal die aanbieding, ontleding en vertolking van die vraelysantwoorde uiteengesit word.